**DONDERDAG 19 MAART**

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 11 EN 12**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 12**

## Ware vryheid is alleen by God moontlik

Ons lewe nou al 20 jaar in die nuwe Suid-Afrika. Tog is die nuwe maar nog net soos die ou een. Dit gaan nou nie hier om enige vorm van etnisiteit nie. Dit gaan om die eeu-oue stryd tussen goed en kwaad. Een nuusbulletin en een dag se koerant laat onuitwisbaar die indruk dat ons in 'n wêreld van bedrog, onreg en geweld leef. Ons word met woorde toegegooi.

Hoe lyk die wêreld waarin die digter roep: "*Help tog, Here*" (12:2). Hierdie "*help tog*" beteken in werklikheid "bevry my tog" van 'n wêreld waar daar geen vromes en geen betroubare mense is nie; waar bedrog en verwaandheid die oorhand het; waar die waarde van woorde en beloftes niks werd is nie, en waar onreg teenoor die armes en magteloses gepleeg word. Dit is die ou wêreld waaruit die digter roep om bevryding, maar só lyk die nuwe wêreld ook.

Die wêreld is as't ware deur die sonde en die kwaad beleër. Hier roep God ons om sy kinders te wéés. Hierdie stukkende wêreld gee aan ons die geleenthede om anders te wees. In 'n wêreld van onbetroubares kan ons met ons betroubaarheid so helder skyn. Ons eerlikheid behoort verkwiklik te wees waar bedrog heers. Die silwerskoon (12:7) Woord van die Here behoort in hierdie donker, somber wêreld te blink. Met die bevryding wat Jesus Christus van die sonde en van Satan gebring het en deur die heerskappy van die Heilige Gees en die Woord, kan ons werklik die gemeenheid van ons wêreld teenstaan en weerstaan.

Ons moet dit bedoel wanneer ons bid: *"Bevry ons, Here."* Ja, ons is deur Jesus Christus bevry, maar deur die krag van God moet ons daagliks medewerkers wees om in die eerste plek die sonde in ons eie lewe uit te roei. Ons moet die sonde egter ook uit die wêreld uitroei deur ons lewenspad volgens die Woord van God skoon te hou.

*Sing: Psalm 32:1*

*Dr. DJS (Dick) Steyn (Emeritus)*